

*Borduur 'n oulike beertjie en hartjies op 'n gebreide pakkie vir 'n skat-like kleinding*

# 'N PAKKIE *vir 'n klein skat*

patroon en ontwerp deur PINGOUIN-ontwerpateljee; patrone en diagramme verwerk deur SJOUKJE JORDAAN; foto PINGOUIN

## BENODIGDHEDE

**Truitjie:** Pingouin Baby Courtelle 4-draad, 3(3; 3; 4; 4) bolle liggeel (kleur nr. 02, A); en Pingouin Family Knit 4-draad, 1 bol elk, óf resbietjies bruin (49, B), beige (25, C), dofpienk (53, D) en swart (17, E); 6 knopies.
**Langbroekie:** 3(3; 4) bolle A; smal rek.
**Vir albei:** 'n Paar elk Inox-breinaalde van 2,75 mm, 3 mm en 3,25 mm; bypassende kabelnaald; reserwenaald; stomppuntnaald vir borduurwerk.
**Let wel:** Tensy aanbevole breidraad gebruik word, kan Pingouin geen verantwoordelikheid vir die voltooide werk aanvaar nie.

## MATE

**Truitjie:** Borsmaat 48(52; 55; 59; 63) cm; lengte tot skouer 23(25; 28; 31; 34) cm; moulengte 15(18; 20; 22; 24) cm.
**Langbroekie:** Rondom heupe 52(55; 59) cm; lengte tot middel 30(34; 39) cm.

## SPANNING

Spaar tyd deur 'n spanningstoets te doen; 33 ste en 40 rye = 10 x 10 cm oor mandjiesteek, met 3,25 mm-breinaalde. Die regte spanning is uiters belangrik; as daar minder ste in jou toetslappie is, moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

## AFKORTINGS

r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek(steke; N(e) – naald(e); alt – alternatiewe; beg – begin; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; vlg – volgende; herh – herhaal; oorbl – oorblywende; pat – patroon; kn – kabelnaald; tes – tesame; gv – gare vorentoe; grn – gare rondom naald; rs – reksteek, elke ry regs; ks – koussteek, 1 ry r, 1 ry aw; enkelrif – enkelriffelsteek, r1, aw1; R(V)K – regte(verkeerde) kant van werk; weersk – weerskante.
**dr2R** – draai 2 ste na regs: steek N voor langs verby 1e st, tel 2e st op en r dit, hou dit op N, r dan 1e st en laat albei ste tesame van N afglip.
**k8a(óf v)** – kabel 8 ste agter of voor langs: glip vlg 4 ste op kn, hou aan agter- (of voor-)kant, r4, dan r4 op kn.
**Kabelpaneel**, oor 12 steke.
**1e ry:** r12.
**2e en alt rye:** aw12.
**3e ry:** r4, k8a.
**5e ry:** r12.
**7e ry:** k8v, r4.
**8e ry:** aw12; dié 8 rye vorm 1 patroon.
**Gedraaide riffelsteek**, word oor 'n ewe aantal steke vir middel- en mouboordjies van truitjie gebrei.
**1e ry:** r1; *dr2R tot laaste st, r1.
**2e ry:** Deurgaans aw; dié 2 rye vorm die patroon.
**Horisontale riffels**
**1e-5e ry:** Beg met 'n r-ry en brei 5 rye ks.
**6e ry:** r aan VK; dié 6 rye vorm 1 riffelpatroon.
**Mandjiesteek**
**1e (RK) ry:** r3, *aw2, r4*; herh van * tot *, eindig met aw2, r3.
**2e ry:** aw3, r2, *aw4, r2*; herh van * tot *, eindig met aw3.
**3e, 4e en 5e ry:** Soos 1e en 2e ry, dan 1e ry nogmaals.
**6e ry:** Deurgaans r; dié 6 rye vorm 1 patroon.

# TRUITJIE

## AGTERPANT

Gebruik 3 mm-Ne en A, stel 80(86; 92; 98; 104) ste op, brei 1 ry aw aan VK.
Slaan oor na 3,25 mm-Ne en brei 4 cm gedraaide rif, eindig met 'n aw-ry.
Slaan oor na mandjiesteek.
**1e ry:** r3(0; 3; 0; 3), *aw2, r4*; herh van * tot *, eindig met aw2, r3(0; 3; 0; 3).
**2e ry:** aw3(0; 3; 0; 3), r2, *aw4, r2*; herh van * tot *, eindig met aw3(0; 3; 0; 3).
**3e en 4e ry:** Soos 1e en 2e ry.
**5e ry:** Soos 1e ry.
**6e ry:** Deurgaans r; dié 6 rye vorm 1 patroon.
Brei pat sonder vorming tot werk 22(24; 27; 30; 33) cm lank is vanaf begin, eindig met 'n VK-ry.
**Halsvorming, 1e ry:** Pat 30(32; 34; 36; 38), heg vlg 20(22; 24; 26; 28) ste af, pat tot einde.
**Linkerskouer:** Brei op 30(32; 34; 36; 38) ste, vermin 1 st aan halsrand van vlg ry, heg 5 ste af aan beg van daaropvlg ry. Brei 1 ry op oorbl 24(26; 28; 30; 32) ste, en heg af in vlg ry.
**Regterskouer:** Heg werkdraad aan halsrand van oorbl ste vas, heg 5 ste af, brei tot einde. Vermin 1 st aan halsrand in vlg ry, brei 1 ry, en heg oorbl 24(26; 28; 30; 32) ste in vlg ry af.

## VOORPANT

Soos agterpant tot middelboord 1 ry korter as dié van agterpant is.
**Vermin-ry:** aw18(21; 24; 27; 30), (aw2tes, aw12) 3 keer, aw2tes, aw18(21; 24; 27; 30) – 76(82; 88; 94; 100) ste.
Slaan oor na pat.
**1e ry:** Vir mandjiesteekpaneel: r3(0; 3; 0; 3), (aw2, r4) 2(3; 3; 4; 4) keer, aw2; vir 1e ry van middelpaneel r42; vir mandjiesteekpaneel (aw2, r4) 2(3; 3; 4; 4) keer, aw2, r3(0; 3; 0; 3).
**2e ry:** aw3(0; 3; 0; 3), r2, (aw4; r2) 2(3; 3; 4; 4) keer; aw die 42 ste van middelpaneel, r2, (aw4, r2) 2(3; 3; 4; 4) keer, aw3(0; 3; 0; 3)
Brei voort soos nou vasgestel met 17(20; 23; 26; 29) ste in mandjie-st aan weersk en brei die 42 ste van middelpaneel volgens diagram. Brei sonder vorming tot werk 19(21; 23; 26; 29) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.
**Halsvorming, 1e ry:** pat 17(20; 23; 26; 29), r17(16; 16; 15; 14), plaas dié st op 'n reserwenaald, heg vlg 8(10; 10; 12; 14) ste af, r oorbl ste van middelpaneel, pat 17(20; 23; 26; 29).
**Regterskouer:** Brei 1 ry op 34(36; 39; 41; 43) ste wat op N oorbly.
**Heg 3 ste af aan beg van vlg ry, 2 ste aan dieselfde rand van vlg 2 alt rye en 1 st in daaropvlg 3(3; 4; 4; 4) alt rye.
Brei nog 'n paar rye op oorbl 24(26; 28; 30; 32) ste tot werk so lank soos agterpant tot skouer is, eindig met ooreenstemmende ry van mandjiesteek-pat. Heg af.
**Linkerskouer:** Heg werkdraad vas aan halsrand van oorbl ste en brei om met regterskouer ooreen te stem, voltooi soos van ** tot einde.

## MOUE (2)

Gebruik 3 mm-Ne en A, stel 46(48; 50; 52; 54) ste op, aw1 ry, slaan dan oor na 3,25 mm-Ne en brei gedraaide rif tot mouboordjie 1 ry korter as dié van agterpant is.
**Vermeer-ry (VK):** aw2(3; 4; 3; 4), vermeer in vlg st, [aw5(5; 5; 4; 4), vermeer in vlg st] 7(7; 7; 9; 9) keer, aw oorbl 1(2; 3; 3; 4) ste – 54(56; 58; 62; 64) ste.
Slaan oor na mandjie-st, plaas pat só:
**1e ry:** r2(3; 4; 3; 4), *aw2, r4*; herh van * tot * en eindig met aw2, r2(3; 4; 3; 4).
Brei voort in pat soos nou vasgestel, brei nog 2 rye sonder vorming.
Vermeer in vlg ry 1 st aan weersk van ry, daarna aan weersk van elke vlg 4e ry 6(11; 13; 15; 17) keer, neem ekstra ste in pat op.
**Net 1e grootte:** vermeer aan weersk van elke vlg 3e ry nog 3 keer.
Brei voort op 74(80; 86; 94; 100) ste tot werk 15(18; 20; 22; 24) cm lank is vanaf beg, en heg af in pat.

## AFWERKING

Borduur die middelpaneel van voorpant volgens diagram. Splyt die 4-draad Family Knit en gebruik net 3 van die 4 drade tesame om te verseker dat die kruissteekwerk nie bol staan nie. Beg by die 3e ks-ry en borduur die hartjies met D en die blokkies daartussenin met B. Borduur daarna die beertjiemotief in kleure soos op illustrasie. Nadat die snoet voltooi is, moet nog 1 kruisstekie met E in middel daarvan geborduur word. Omlyn die beertjie en hartjiemotiewe met 'n lyn-agtersteek met E.
**Skouer- en halsstroke:** Met RK voor, 3 mm-Ne en A, tel op en r 21(23; 25; 27; 29) ste uit regterskouer van agterpant, 30(32; 34; 36; 38) ste uit halsrand en 21(23; 25; 27; 29) ste uit linkerskouer van agterpant – 72(78; 84; 90; 96) ste.
Brei 6 rye rs en heg taamlik lossies af.
Met RK voor, 3 mm-Ne en A, tel op en r 21(23; 25; 27; 29) ste uit linkerskouer van voorpant, 38(40; 45; 47; 49) ste uit halsrand en 21(23; 25; 27; 29) ste uit regterskouerrand – 80(86; 95; 101; 107) ste.
Brei 2 rye rs, maak dan knoopsgate.
**3e ry:** r4, gv, r2tes, [r5(6; 7; 8; 9), gv, r2tes] 2 keer, r40(42; 47; 49; 52), r2tes, gv, [r5(6; 7; 8; 9), r2tes, gv] 2 keer, r4.
Brei nog 3 rye rs, heg dan taamlik lossies af.
Plaas skouerstroke van voorpant oor dié van agterpant en ryg vas. Merk aan elke syrand 'n punt wat 11(12; 13; 14; 15) cm onderkant middel van skouerstroke is om mousgate aan te dui, sorg dat dié merkers aan weersk in die ooreenstemmende pat-ry geplaas word. Werk afhegrande van moukoppe tussen merkers vas, werk daarna sy- en mounate toe, sorg dat patrone ooreenstem. Verwyder rygdrade en werk 3 knope aan elke skouerstrook vas, teenoor knoopsgate.

# LANGBROEKIE

## AGTERPANT: EERSTE BROEKSPYP

Gebruik 3,25 mm-Ne en stel 35(38; 41) ste op, brei pat só:
**1e ry:** *aw2, r4*; herh van * tot *, maar eindig met aw2, r3(0; 3).
**2e ry:** aw3(0; 3), r2, *aw4, r2*; herh van * tot * tot einde.
**3e en 4e ry:** Soos 1e en 2e ry.
**5e ry:** Soos 1e ry.

**6e ry:** Deurgaans r. Brei voort in pat soos nou vasgestel.
**Vorm binnebeenrand:** Vermeer 1 st aan einde van vlg ry, dan aan dieselfde rand in daaropvlg 6e rye 0(0; 4) keer, daarna in elke vlg 4e ry 10(13; 9) keer; neem ekstra ste in pat op.
**Net 1e grootte:** Vermeer 1 st aan dieselfde rand in elke vlg 3e ry, 3 keer altesaam.
Brei op die 49(52; 55) ste tot werk 16(17; 19) cm lank is vanaf beg, eindig aan binnebeenrand, ná 'n RK-ry.** Skryf die totale aantal rye wat gebrei is neer.
**Kruisvorming:** Heg 2 ste af aan beg van vlg ry en 1 st aan dieselfde rand in vlg 4 alt rye. Brei 1 ry op oorbl 43(46; 49) ste, eindig dus aan gevormde rand ná 'n RK-ry.
Knip werkdraad af en plaas ste op 'n reserwe-naald.

## AGTERPANT: TWEEDE BROEKSPYP

Gebruik 3,25 mm-Ne en stel 35(38; 41) ste op, brei pat.
**1e ry:** r3(0; 3), *aw2, r4*; herh van * tot *, eindig met aw2.
**2e ry:** r2, *aw4, r2*; herh van * tot *, eindig met aw3(0; 3).
**3e, 4e en 5e ry:** Herh 1e en 2e ry, dan 1e ry nogmaals.
**6e ry:** Deurgaans r. Vermeer 1 st aan beg van vlg ry, dan aan dieselfde rand in elke vlg 6e ry 0(0; 4) keer, daarna in elke daaropvlg 4e ry 10(13; 9) keer.
**Net vir 1e grootte:** Vermeer 1 st aan dieselfde rand in elke vlg 3e ry, 3 keer altesaam.
Brei op die 49(52; 55) ste tot dieselfde aantal rye as vir 1e broekspyp voltooi is.** Eindig dus aan reguit kant van broekspyp. Brei nog 1 ry sonder vorming, dan die kruisvorming soos vir 1e broekspyp, eindig aan syrand ná 'n RK-ry.
**Vlg ry:** Brei alle ste van 2e broekspyp, beg dan aan gevormde kant van 1e broekspyp en brei tot einde – 86(92; 98) ste.
Die pat-rye pas presies, soos aan beg uiteengesit, oor alle ste.
Brei pat, sonder vorming, tot werk 30(34; 39) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.
**Vermin-ry:** r7(7; 6), r2tes, [r8(9; 10), r2tes] 7 keer, r oorbl 7(6; 6) ste – 78(84; 90) ste.
Slaan oor na 3 mm-Ne en brei 4 cm enkelrif. Heg lossies rifsgewys af.

## VOORPANT

Soos agterpant, sorg dat dieselfde aantal rye as vir agterpant gebrei word.

## AFWERKING

Werk synate toe, sorg dat pat ooreenstem. Met RK voor en 3 mm-Ne, tel op en r 64(69; 74) ste uit onderrand van 1 broekspyp. Brei 6 rye rs, heg dan taamlik lossies rifsgewys af. Doen dieselfde met tweede broekspyp.
Werk binnebeennate toe, sorg dat pat ooreenstem, werk dan kort naat aan middel agter- en voorkant toe, asook binnebeennate aan gevormde rande. Meet baba se middeltjie en knip 'n stuk rek om te pas, plaas punte oormekaar en werk goed vas. Vou middelboord na binnekant dubbel, omvou die rek, en werk boord met glipsteek toe.

**'n Sagte sybokhaartrui is 'n klassieke kledingstuk waarin jy altyd elegant vroulik sal lyk**

# 'n Sybokhaar-TREFFER

TREFFERTRUIE 4 ROOI ROSE



foto PIERRE VAN DEN BOSCH; model RENÉ van HEADS; grimering en hare FABIENNE ZADEL